

1 Januarie

2 Timoteus 2:1-13

Hy bly getrou

Ons wil graag die nuwe jaar binnegaan met vaste sekerhede en op stewige fondamente.

So 'n sekuriteit vind ons in Paulus se woorde oor God se trou in 2 Tim 2:12: "*As ons ontrou is, Hy bly getrou...*"

Pas nou net op vir 'n lelike misverstand! Daardie woordjie "As". Dit gee ons nie die gaping om te dink: Wanneer ek ontrou is sal Hy my maar altyd weer vergewe... sal Hy my nooit verlaat nie!

"As" is nie 'n verbindingswoord nie; dit is 'n vergelykingswoord. Lees die sin nou só: Waar dit so dikwels gebeur dat ons mense onbetroubaar is, gebeur dit daarteenoor by God nooit nie. Hy bly altyd by sy Woord - sy beloftewoord én sy bedreigingswoord.

As Hy gesê het Ek vergewe die berouvolle sondaar, dan *doen* hy dit. Hy breek die belofte nooit. En as Hy gesê het: Ek straf die moedswillige sondaar, dan doen Hy dit. "Hy kan Homself nie verloën nie", vervolg Paulus direk op ons teks.

Wat 'n magtige versekering aangaande 'n betroubare Verbonds-God:

- Vas en trou in sy ja-woord: genade
- Vas en trou in sy nee-woord: oordele

So vas en trou in alles dat presies daarom Christus met sy dood aan die kruis vir my sondes moes betaal. Daar was geen ander uitweg nie. God kon Homself nie verloën nie.

Ek is so diep dankbaar dat ek in hierdie wêreld van soveel ontrou in só 'n God mag glo. Op Hom, op sy Woord, kan ek reken. Met Hom weet ek presies waar ek staan en gaan ek die nuwe jaar met volle vertroue tegemoet

Sing Psalm 105:5

Ds. D. Postma (Frankfort)